# 24 November - VASTE

**Skrifgedeelte: Matteus 9:14-17**
**Fokusgedeelte: Matteus 9:15**

Om te vas, was 'n baie algemene godsdienstige praktyk onder die Jode. In die tyd van die Ou Testament het die volk sekere tye gevas. Dan het hulle hul voor die Here verootmoedig en aan hulle sondes gedink. Om te sorg dat hulle aandag ongehinderd op die saak gerig bly, het hulle dan vir 'n bepaalde tyd niks geëet nie.

In die Nuwe Testament het die betekenis van die vas verskuif van verootmoediging na toewyding. Deur te vas, het mense tyd afgesonder om ongehinderd tot God te bid en intensief Bybelstudie te doen. Vas is selfonthouding en selfverloëning ter wille van inniger gemeenskap met God en 'n heiliger lewenswandel. Dit is om iets, wat nie sonder meer sonde is nie, prys te gee en om jou so meer volkome aan God te wy. Vas is om ter wille van groter bruikbaarheid in God se koninkryk, dinge te laat wat daardie diensbaarheid strem.

En vandag dan? Die vraag was 'n strydvraag toe Jesus op aarde was. Uit Matteus 9 is dit duidelik dat Jesus se dissipels nie gevas het nie. Maar dit beteken nie dat Jesus die gebruik afgeskaf het nie. Hy verklaar dat hulle nie vas nie, omdat Hy by hulle is. Hy is die Bruidegom en daar moet vreugde en blydskap wees. Om te vas, sou skynheilig wees. Maar daar kom 'n tyd wanneer die dissipels wel sou vas. Dit is wanneer Jesus die Bruidegom weggeneem sal word – ná sy hemelvaart.

Die vraag of ons vandag steeds moet vas of nie, is nie so belangrik nie. Die beginsel daaragter is belangrik, naamlik om God met groter toewyding te dien. In 'n gejaagde lewe is dit nodig dat ons meer tot stilstand sal kom. In 1 Timoteus 4:7b-8 staan daar: *"Oefen jou liewer om in toewyding aan God te lewe. Dit het wel 'n bietjie waarde om jou liggaam sekere dinge te ontsê, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde, want dit hou belofte in vir die teenwoordige en die toekomstige lewe."*

*Sing:Psalm 95:1, 2 (2001-omdigting)* *Ds AL Pelser (Bethlehem)*